Die goedere-invoer het volgens die waarde daarvan in die tweede kwartaal van 1988 slegs 'n beperkte verdere styging getoon; die goedere-uitvoer het heel aanmerklik verstewig. As gevolg hiervan is die klein tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste kwartaal van 1988 in die tweede kwartaal weer in 'n klein oorskot (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van bykans R1 miljard) omskep. 'n Terugkeer van vervroegings en vertragings in internasionale betalings en ontvangste, stygende rentekoerse in verskeie belangrike oorsese ekonomiese (met name vanaf Junie 1988), en halfjaarlikse enkelbedragbetalings op buitelandse skulde kragtens die Tweede Tussentydse Ooreenkoms met buitelandse krediteurbanke op 15 Junie, was egter daarvoor verantwoordelik dat die uitvloeiing van buitelandse kapitaal in die tweede kwartaal aanmerklik vererger het vanaf die betreklik matige gemiddelde vlak waarop dit in die voorafgaande vyf kwartale te staan gekom het. Die goud- en ander buitelandse reserwes het gevoldig in die tweede kwartaal 'n groot daling getoon en in Julie en Augustus daarmee voortgegaan, alhoewel die betrokke bedrae in hierdie twee maande na verhouding heelwat kleiner was.

Verswakking van die wisselkoers van die rand vanaf die tweede week in Januarie 1988 het meegebring dat die styging in die pryse van ingevoerde goedere vanaf die tweede kwartaal van 1988 weer skielik en baie skerp versnel het. Dit was 'n belangrike faktor by die verklaring van die hernieuwe opwaartse beweging in die eerste twee kwartale van 1988 in die stygingskoersse van die produksiepryse van kwartaal tot kwartaal en oor periodes van twaalf maande bereken, en het ook daartoe bygedra dat die daling in die stygingskoers van die verbruikerspryse van kwartaal tot kwartaal in die tweede kwartaal van 1988 omgekeer is. Dit sal gedurende die res van 1988 byna seker gevolg word deur hoër vlakke van die stygingskoers van die verbruikersprysindeks oor periodes van twaalf maande; hierdie koers het in sowel Junie as Julie 12,4 persent beloop. 'n Eenmalige invloed op die algemene peil van die verbruikerspryse sal ook uitgeoefen word deur die verhogings van die koerse van die bobelasting op invoergodere en van die pryse van petrol en verwante brandstowwe wat onderskeidelik vanaf 15 Augustus en 1 September van krag geword het.

Hoë koerse van toename is in die tweede kwartaal en in Julie nog steeds in die geldvoorraad M3 en in die eise van monetêre instellings teen die private sektor aangeteken. Die patroon van die statistiese oorsake van veranderings in M3 vanaf September 1987 – naamlik vinnige stygings in die binnelandse kredietverlening tesame met dalings in die netto buitelandse reserwes van die monetêre stelsel – was tradisioneel 'n simptoom van die meer gevorderde stadiums van die opgaande en die aanvanklike stadiums van die afgaande fases van die konjunkturgolf. Op sy peil van R105,5 miljard was M3 aan die einde van Julie R4,5 miljard of 4,4 persent hoër as die boonste grens van die mikpunttonnel vir 1988 en min of meer gelyk aan die syfer van R105,0 miljard waarna kragtens die monetêre mikpunt vir 1988 as die gemiddelde bedrag van M3 in die vierde kwartaal van die jaar gestreef sou word.

In die verklaring wat die Bankkoersverhoging van 29 Julie 1988 (wat die Bankkoers op 12½ persent te staan gebring het) vergesel het, het die Reserwebank nogmaals sy voorname bevestig om sy eie krediet-skepping te beteuel ten einde die koerse van toename in bankkrediet en in die geldvoorraad te verminder. By die algemene jaarvergadering van aandeelhouers teen die einde van Augustus 1988 het die Bank dit egter duidelik gestel dat hy nie van plan was om M3 gedurende die res van 1988 in die tonnel terug te dwing nie, aangesien die maatreëls wat nodig sou kon wees om hierdie resultaat te behaal, 'n oormatig dempende uitwerking op die ekonomie sou kon hê.

In die kapitaalmark het die handelsbedrywigheid, wat in die eerste kwartaal van 1988 in ligte mate herstel het, in die tweede kwartaal weer na 'n ietwat laer vlak teruggesak. In die primêre mark was die bedrywigheid

ten aansien van nuwe uitgifte egter ietwat hoër as in die voorafgaande drie maande. In die mark vir vaste eiendom kon 'n matige verdere styging in vaste-eiendomstraksies en 'n verdere toename in verbandleningsfinansiering, met name deur banke, opgemerk word.

Op die gebied van die fiskale beleid en die staatsfinansies het die omvattende stelle fiskale, monetêre, invoer-ontmoedigende en kredietmaatreëls van 4 Mei en van Julie-Augustus 1988 verskeie maatreëls vir 'n verdere fiskale afkoeling van die binnelandse monetêre vraag ingesluit. 'n Aantal wysigings van die inkomstebelastingwetgewing, wat ten doel gehad het om die belastingstelsel meer te standaardiseer en om sekere belastingskuilplekke uit die weg te ruim, is op 15 Julie in die Staatskoerant gepubliseer. In ooreenstemming met die owerhede se meer behoedsame en minder ekspansionistiese beleidsbedoelings, was die koers van toename in die skatkisuitrekings in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89 aanmerklik laer, en die koers van toename in die skatkisontvangste aanmerklik hoër, as wat in die Begroting van Maart 1988 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Die tekort-voor-lenings het in hierdie tydperk gevoldiglik slegs 38 persent bedra van die tekort waarvoor vir die volle fiskale jaar begroot is, teenoor die verhouding van 52 persent wat gedurende die ooreenstemmende tydperk in die fiskale jaar 1987/88 aangeteek is.

Die kumulatiewe uitwerking op langer termyn van die stygende reële rentekoerse vanaf die laaste deel van 1986 en van die stygende nominale rentekoerse vanaf die laaste deel van 1987, van die stelle vraagbeperkende maatreëls van Mei en Augustus 1988, en van die minder ekspansionistiese ingesteldheid van die fiskale beleid in die algemeen, sal – nadat die somtyds perverse aankondigings- en trefslag-effekte van hierdie maatreëls hulleself uitgewerk het – moontlik kan verseker dat die binnelandse monetêre vraag geleidelik sal inkrimp tot op 'n peil wat in ooreenstemming is met die huidige aanbodkapasiteit van die Suid-Afrikaanse ekonomie en met die behoefté om 'n minimum oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tot stand te bring en in stand te hou. Daar behoort dan van die milieu van 'n "beheerste" monetêre vraag wat hierdeur geskep word, gebruik gemaak te word om sekere strukturele veranderings teweeg te bring en om geleidelik gepaste waardes van sekere makro-ekonomiese kernveranderlikes (soos die peil van die reële rentekoerse, die reële wisselkoers, belastingkoerse en reële lone) te bewerkstellig wat verbeterde besparings-, investerings- en uitvoerprestasies, vergrote produksievermoëns en 'n stygende reële groeikoers en welsynspeil in die Suid-Afrikaanse ekonomie sal bevorder.



Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die reële bruto binnelandse produk in die Suid-Afrikaanse ekonomie het met 'n betreklik lewendige pas teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van bykans 5 persent in die vierde kwartaal van 1987 en van effens meer as $3\frac{1}{2}$ persent (afwaarts hersien vanaf byna 4 persent) in die eerste kwartaal van 1988 toegeneem, maar in die tweede kwartaal van 1988 na 'n heelwat meer gematigde uitbreidingstempo, wat volgens voorlopige ramings op 'n jaarkoers van slegs ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent te staan gekom het, teruggesak. Die reële binnelandse produk in die tweede kwartaal en in die eerste helfte van 1988 was nietemin nog steeds bykans 3 persent en ietwat meer as $2\frac{1}{2}$ persent hoër as hul onderskeie teëhangers in 1987. Die jaarkoers van toename van die tweede helfte van 1987 tot die eerste helfte van 1988 het bykans $3\frac{1}{2}$ persent beloop.

Die hernieuwe verlangsaming van die groei van die reële produksie in die tweede kwartaal van 1988 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan werklike afnames in die reële toegevoegde waarde in die landbou en die fabriekswese en – ten spyte van marginaal hoër pro-

Reële bruto binnelandse produk



duksievlakke in die konstruksiesektor – ook in die sekondêre sektore in die algemeen. In die tersiëre sektore het die reële toegevoegde waarde van die handelsektor 'n aansienlike verdere toename getoon as 'n weerspieëeling van lewendige toestande in die kleinhandel en van 'n sterk vraag na nuwe motorvoertuie; in die sektore vervoer, finansies en die algemene owerheid is egter slegs geringe toenames in produksie aangeteken. Hierteenoor het die reële toegevoegde waarde in die mynbou weer aanmerklik verbeter nadat daar in die eerste kwartaal van 1988 'n daling in die mynbouproduksie voorgekom het. Grotendeels as gevolg van die verbeterde produksieresultate in die mynbousektor het die totale produksie *buite die landbou* in die tweede kwartaal van 1988 nog teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van bykans 2 persent toegeneem.

Die landbouproduksie is in die tweede kwartaal van 1988 gekortwiek deur 'n teleurstellende mielie-oes wat, volgens voorlopige ramings, in die produksieseisoen van 1987/88 nie die oes van 1986/87 sal ewenaar nie. Die reële toegevoegde waarde in die landbou is ook geknou deur die ongunstige invloed van 'n skerp stijging in die relatiewe koste van landbou-insette. Die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste in die landbou het in die tweede kwartaal van 1988, in vergelyking met die tweede kwartaal van 1987, 'n stijging van meer as 40 persent getoon.

Afnames in die reële produksie van die fabriekswese is veral in die sub-sektore basiese metale, masjinerie en vervoertoerusting aangeteken. Hierdie en ander nywerhede in soortgelyke posisies is in bogemiddelde mate getref deur onderbrekings van hul produksieprosesse as gevolg van arbeidstakings, wegblly-aksies en die groot aantal vakansiedae in die tweede kwartaal van die jaar. Hoofsaaklik as gevolg van die laer produksievlakke in die fabriekswese het die toegevoegde waarde in die sekondêre sektore in die tweede kwartaal van 1988 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van nie minder nie as 6 persent ingekrimp. Die peil van die totale reële produksie in die sekondêre sektore was in die eerste kwartaal en in die eerste helfte van 1988 nietemin nog onderskeidelik meer as 3½ persent en 4½ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperke van die voorafgaande jaar.


Die totale reële bruto *nasionale* produk het in die eerste kwartaal van 1988 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 5½ persent en in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 3½ persent toege neem. Die feit dat die reële bruto nasionale produk aanmerklik vinniger as die reële bruto binnelandse produk gestyg het – wat aan 'n volgehoue verbetering van die ruilvoet sowel as aan 'n afname in Suid-Afrika se netto faktorbetalings aan die res van die wêreld toegeskryf kon word – het beteken dat die reële bruto nasionale produk per kop van die Suid-Afrikaanse bevolking gedurende die tydperk van vier kwartale vanaf die derde kwartaal van 1987 tot die tweede kwartaal

van 1988 heel indrukwekkend met ongeveer 3 persent toegeneem het. Dit het gunstig vergelyk met die toename in die reële bruto nasionale produk *per capita* van 1½ persent in die kalenderjaar 1987 en met afnames van 3½ persent en 1 persent in die kalenderjare 1985 en 1986.

Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die eerste kwartaal van 1988 skerp gestyg, maar in die tweede kwartaal slegs 'n baie geringe verdere toename getoon. Die totale reële bruto binnelandse besteding was dienooreenkomsdig in die eerste kwartaal, die tweede kwartaal en die eerste helfte van 1988 onderskeidelik ongeveer 10½ persent, 9 persent en bykans 10 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperke van 1987. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die totale reële bruto binnelandse besteding vanaf die tweede helfte van 1987 tot die eerste helfte van 1988 het in werklikheid nie minder nie as 13½ persent bedra. Aangesien die hoë gemiddelde koers van toename in die binnelandse besteding in 1987 en die eerste helfte van 1988 die groeikoerse van die binnelandse produksie klaarblyklik aansienlik oorskry het, het dit, veral vanaf die tweede helfte van 1987 tot die eerste helfte van 1988, vanselfsprekend ook in

Reële bruto binnelandse besteding



'n skerp toename in die goedere-invoer tot uiting gekom. Langs hierdie weg het dit dan ook in belangrike mate bygedra tot die skerp inkrimping van die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tussen hierdie twee tydperke.

Die plotselinge verlangsaming van die toename in die totale reële bruto binnelandse besteding vanaf die eerste tot die tweede kwartaal van 1988 kon hoofsaaklik verklaar word aan die hand van 'n afname in die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid, 'n geringe verlangsaming van die koers van toename in die reële bruto binnelandse vaste investering en 'n heelwat kleiner netto toevoeging tot die totale reële voorrade.

Die totale *reële private verbruiksbesteding* het in die tweede kwartaal van 1988 vir die negende agtereenvolgende kwartaal gestyg. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die reële private verbruiksbesteding het in die tweede kwartaal van 1988 bykans 4½ persent bedra. Die vlak daarvan was in hierdie kwartaal ongeveer 4 persent hoër as in die tweede kwartaal van 1987 en ongeveer 8 persent hoër as in die tweede kwartaal van 1986.


Die volgehoudende bestendige toename in die totale reële private verbruiksbesteding in die eerste helfte van 1988 is gesteun deur verdere stygings in die totale reële persoonlike beskikbare inkomme, wat gedurende

hierdie tydperk teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3½ persent gegroei het. Die reële persoonlike beskikbare inkomme *per capita* het in 1987 en in die eerste helfte van 1988 effens gestyg nadat dit in 1985 en 1986 in heel aanmerklike mate (naamlik met 4½ en 6 persent) gedaal het. Die feit dat die vlak van die reële beskikbare inkomme *per capita* in die eerste helfte van 1988 effens hoër was as in die eerste helfte van 1987, kon in die eerste plek toegeskryf word aan 'n daling in die gemiddelde jaarkoers van toename in die verbruikersprysindeks wat tussen hierdie twee periodes sowat 3 persentasiepunte beloop het en wat daartoe bygedra het om die koopkrag-verterende uitwerking van die inflasie op die nominale lone minder te maak as wat dit anders sou gewees het. In die tweede plek is die totale nominale loonuitbetalings (oftewel die totale loon-“rekening” of “loonsom”), alhoewel dit deur meer gematigde stygingskoerse in die nominale lone in die eerste kwartaal van 1988 teruggehou is, in die eerste helfte van 1988 beduidend verhoog deur die feit dat die aantal arbeidstakings, en die aantal man-dae wat as gevolg van stakings verlore gegaan het, gedurende hierdie tydperk heelwat kleiner was as in die eerste helfte van die vorige jaar.

Groot stygings is nog steeds in die private sektor se besteding aan duursame en semi-duursame goedere aangeteken. Nadat dit in die vierde kwartaal van 1987 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 12 persent en in die eerste kwartaal van 1988 teen 'n jaarkoers van 13 persent toegeneem het, het die reële private verbruiksbesteding aan duursame verbruiksgoedere (veral persoonlike vervoertoerusting, en meubels en huishoudelike toestelle) in die tweede kwartaal van 1988 verder gestyg teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 9 persent. Benewens die feit dat die reële-inkomepositie van die gemiddelde huishouding effens ruimer geword het en dat die verbruikersvertroue geleidelik verder verstewig het, is dit moontlik dat die aankoop van duursame verbruiksgoedere in die afgelope paar kwartale ook deur finansiële instellings se intensiewe bemarking van verbruikerskredietfasiliteite aangewakker is. Verder wil dit voorkom asof hierdie soort aankope in die tweede kwartaal van 1988 'n aanmerklike hoeveelheid "voorkoop"-aankope ingesluit het wat in afwagting van voorsiene prysverhogings of van die verwagte verskerping van die huurkoop- en verwante kredietvoorwaardes, hoër rentekoerse, of beperkings op die invoer van sekere verbruiksgoedere aangegaan is. Ter selfdertyd het die skerp daling in die waarde van die aandele op die Johannesburgse Effektebeurs in Oktober – November 1987 en die daaropvolgende lustlose verloop van die aandelepryse gedurende die eerste agt maande van 1988 skynbaar egter nog steeds maar weinig uitwerking op die verbruiksgeneigdhed van private huishoudings gehad.

Die private verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere het in die vierde kwartaal van 1987 en die

Reële private verbruiksbesteding



eerste kwartaal van 1988 teen jaarkoerse van onderskeidelik $6\frac{1}{2}$ en 6 persent gestyg en vervolgens in die tweede kwartaal van 1988 teen 'n versnelde koers van meer as 7 persent toegeneem. Die reële verbruiksbesteding aan nie-duursame goedere en aan verbruikersdienste het in die tweede kwartaal van 1988 teen jaarkoerse van 4 persent en 2 persent gestyg.


Die *reële owerheidsverbruiksbesteding* het in die laaste twee kwartale van die fiskale jaar 1987/88 (dit wil sê in die vierde kwartaal van die kalenderjaar 1987 en die eerste kwartaal van die kalenderjaar 1988) skerp gestyg, maar in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1988/89 teen 'n jaarkoers van $13\frac{1}{2}$ persent gedaal. Hierdie daling in die owerheidsbesteding was die gevolg van belangrike besnoeiings van die reële owerheidsbesteding aan goedere en nie-faktordienste wat goed ingepas het by die Regering se verklaarde voorname om die relatiewe belangrikheid van die owerheidsbesteding in die landsekonomie te verminder. Die owerheidsbesteding aan reële salaris en lone het die invloed getoon van die feit dat die peil van die indiensneming in die owerheidsektor in die algemeen geen beduidende styging getoon het nie. In die tweede kwartaal van 1988 het dit teen 'n baie lae jaarkoers van slegs $\frac{1}{2}$ persent gestyg.

Die totale *reële bruto binnelandse vaste investering*, wat vanaf 'n onderste draaipunt in die tweede kwartaal van 1987 ietwat aarselend begin verbeter het, het in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1988 taamlik beduidende verdere stygings getoon. In vergelyking met die vroeë tagtigerjare het die vlak van die totale reële bruto vaste investering egter nog steeds laag gebly. So het die vaste investering in die kalenderjaar 1982 $27\frac{1}{2}$ persent van die reële bruto binnelandse produk bedra terwyl dit in die kalenderjaar 1987 op 'n vlak van slegs $18\frac{1}{2}$ persent van die binnelandse produk te staan gekom het. In die eerste helfte van 1988 het hierdie verhouding vervolgens tot ietwat meer as 19 persent verbeter.

Die reële bruto vaste investering in die *private sektor* het vanaf die tweede kwartaal van 1986 'n beskeie herstel getoon. Die matige verdere versnelling van hierdie oplewing gedurende 1987 is tot in die eerste helfte van 1988 volgehou. Belangrike bydraes tot die verdere toename in die reële vaste kapitaalbesteding deur die private sektor in die tweede kwartaal van 1988 – wat ten opsigte van sowel die sektorale oorsprong daarvan as die verskillende soorte kapitaalbates 'n breë basis gehad het – is deur die fabriekswese en deur die sektore handel en finansies gelewer. Die jaarkoers van toename in die reële besteding aan private woongeboue het aansienlik versnel van 4 persent in die eerste kwartaal van 1988 tot $6\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal.

Die reële bruto vaste investering deur *openbare korporasies* het in die tweede kwartaal van 1988 verder afgeneem. Die reële vaste kapitaalvorming deur openbare korporasies in die fabriekswese het aanmerklik

Verandering in reële voorrade



verminder, maar 'n toename het in die kapitaalbesteding vir die opwekking van elektrisiteit voorgekom. Die totale reële vaste investering van alle openbare korporasies het in die tweede kwartaal van 1988 teen 'n jaarkoers van $12\frac{1}{2}$ persent afgeneem.

Die voortgesette daling in die reële bruto vaste kapitaalbesteding deur die *openbare owerhede* was die gevolg van verdere verminderings van die kapitaalbesteding deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Departement van Pos en Telekommunikasiewese sowel as deur departemente van die algemene owerheid.

'n Netto toevoeging tot die totale *reële voorrade* is vir die vyfde agtereenvolgende kwartaal in die tweede kwartaal van 1988 aangeteken. Aansienlike vermeerderings van die reële voorrade het in die mynbousektor, in die private fabriekswese en in die groot- en kleinhandel voorgekom. Hierteenoor het die voorrade in die motorhandel verder afgeloop. In die eerste en tweede kwartaal van 1988 was dit 'n weerspieëling van 'n volgehoud sterke vraag na motors en handelsvoertuie wat onder andere gebaseer was op die vervangingsvraag onder vlooteiernaars, lewendige toestande in die motorhuurmark, die gewildheid van bruikhuurooreenkoms as financieringstegniek, die florerende Swart taxi- en mini-busvervoerbedryf, en die vrees dat die pryse van motorvoertuie as gevolg van die verswakkende wisselwaarde van die rand eersdaags verder verhoog sou moes word.

Die voorrade-in-die-handel in die diamantnywerheid, wat in die eerste kwartaal van 1988 as gevolg van

verhoogde verkoopsbedrywigheid in die internasionale diamantmarkte gedaal het, het in die tweede kwartaal verder afgeneem. Toevoegings tot die nywerheids- en handelsvoorraad kon gedeeltelik beskou word as 'n gesloerde sikliese reaksie, geensins ongewoon nie, op stygende omsette en op die hoër vlak van die binne-landse monetêre vraag. 'n Deel van hierdie voorraad-opbouing het ongetwyfeld egter ook bestaan uit "voorkoop"-aankope, van ingevoerde goedere in die besonder, wat voortgespruit het enersyds uit die vrees dat die pryse van die betrokke goedere vanweë die verswakkings van die wisselkoers verhoog sou word en andersyds uit sakeondernemings se besorgdheid oor 'n moontlike verskerping van sanksies teen Suid-Afrika, oor 'n verhoging van doeaneregte of van die bobelasting op ingevoerde goedere, of oor die moontlike herinstelling van kwantitatiewe invoerbeheer. Die opbouing van die reële nywerheids- en handelsvoorraad het meegebring dat die verhouding van hierdie voorraad tot die reële bruto binnelandse produk 'n klein styging tot bykans 20 persent in die eerste helfte van 1988 getoon het, vanaf 'n gemiddelde van 19 persent in die voorafgaande kalenderjaar.

Faktorinkome en besparing

Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die totale nominale faktorinkome was in die tweede kwartaal van 1988 effens laer as in die eerste kwartaal, hoofsaaklik vanweë 'n laer groeikoers in die totale bedryfsurplus van sakeondernemings. Die toename van jaar tot jaar in die totale nominale faktorinkome was in die tweede kwartaal van 1988, toe dit $17\frac{1}{2}$ persent beloop het, nietemin effens hoër as die koers van 17 persent wat in die eerste kwartaal sowel as in die eerste helfte van 1988 aangeteken is.

Die vergoeding van werknemers, wat ongeveer 57 persent van die totale bruto toegevoegde waarde uitgemaak het, het in die tweede kwartaal van 1988 teen 'n jaarkoers van 16 persent gestyg in vergelyking met 'n jaarkoers van $14\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1988 en 'n koers van $18\frac{1}{2}$ persent in die kalenderjaar 1987. Die toename in die tweede kwartaal van 1988 was hoofsaaklik die gevolg van hoër totale loon-uitbetalings in die mynbousektor, die fabriekswese, die sektore elektrisiteit, gas en water, en die sektor finansiële dienste. Die toename van jaar tot jaar in die totale vergoeding van werknemers het in die tweede kwartaal van 1988 19 persent bedra, teenoor ongeveer $18\frac{1}{2}$ persent in sowel die eerste kwartaal as die eerste helfte van 1988.

Die styging in die totale nominale arbeidsvergoeding in die tweede kwartaal van 1988 het vanuit verskeie oorde opwaartse invloede ondervind. In die eerste plek dui voorlopige gegewens daarop dat die indiensneming in sekere sektore (konstruksie en elektrisiteitsopwekking) sowel as die oortydverhoudings in verskeie sektore gedurende hierdie kwartaal effens ver-

der gestyg het. In die tweede plek was die aantal mandae wat in hierdie kwartaal as gevolg van stakings en wegblly-aksies verlore gegaan het, heelwat kleiner as in die tweede kwartaal van 1987. Ten slotte het groter gematigdheid in die aanvanklike eise van die vakbonde om loons- en salarisverhogings meegebring dat ooreenkoms tussen werkgewers en die bonde reeds in betreklik vroeë stadiums van die loonsonderhandelingsproses bereik kon word.

Die totale bruto bedryfsurplus, wat die oorblywende deel van die totale nominale faktorinkome uitmaak, het in die tweede kwartaal van 1988 effens stadiger gestyg as in die voorafgaande kwartaal. Die toename van jaar tot jaar in die totale bruto bedryfsurplus het egter in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1988 $15\frac{1}{2}$ persent bedra.

Aansienlike toenames in sektorale bedryfsurplusse is veral in die mynbou, die fabriekswese, die konstruksiebedryf en die handelsektor aangeteken. Die bedryfsurplus in die mynbousektor, wat in 1987 swak gevaa het, het aanmerklik gestyg onder die invloed van groter arbeidsvrede in die mynboubedryf, die sterk styging in die pryse van verskeie minerale op die internasionale grondstofmarkte en die depresiasie van die wisselkoers van die rand vanaf die tweede week van Januarie 1988. Ander sektore het voordeel getrek uit die hoë vlakke van die binnelandse vraag in die eerste helfte van 1988 en uit verbeterde reële-uitvoerprestasies en nominale uitvoerverdienstes in die tweede kwartaal. Die verlangsamming van die koers van toename in die totale bruto bedryfsurplus van die eerste tot die tweede kwartaal van 1988 was derhalwe hoofsaaklik te wyte aan 'n aansienlike daling in die bruto bedryfsurplus van die landbou. Die bruto bedryfsurplus van die sektor finansiële dienste het min verandering getoon.

Die bruto binnelandse besparing het effens toegenem van $22\frac{1}{2}$ persent van die "bruto nasionale beskikbare inkome"¹ in die eerste kwartaal van 1988 tot 23 persent in die tweede kwartaal. Met inagneming van die gevorderde stadium wat die huidige ekonomiese oplewing intussen bereik het, het die waardes van hierdie verhouding in die afgelope paar kwartale goed vergelyk met die gemiddelde vlak van hierdie verhouding van $24\frac{1}{2}$ persent in die jare sedert 1982; laasgenoemde persentasie het op sy beurt weer gunstig vergelyk met die besparingsverhoudings in baie van die vinnig groeiende buitelandse ekonomiese.

In verhouding tot die bruto binnelandse investering het die bruto binnelandse besparing 'n effense verbetering van 99 persent in die eerste kwartaal van 1988 tot $102\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal getoon. Die geringe "oorskot" van die bruto binnelandse besparing bo die bruto binnelandse investering in die tweede kwartaal van 1988 het gehelp om die middele

¹ Bruto nasionale beskikbare inkome = bruto nasionale inkome aangesuiwer vir netto lopende oordragte ontvang van die res van die wêreld.

te voorsien waarmee die heel aansienlike uitvloeiing van kapitaal op die betalingsbalans gedurende daardie tydperk gefinansier kon word. Die saldo van die netto binnelandse besparing (ná voorsiening vir waardevermindering en vir die uitvloeiing van kapitaal na die res van die wêreld) het in die eerste helfte van 1988 op 26 persent van die bruto binnelandse besparing te staan gekom, teenoor die laagtepunt in hierdie verhouding van slegs 1 persent wat in die tweede kwartaal van 1987 aangeteken is.


Die effense toename in die bruto binnelandse besparing gedurende die tweede kwartaal van 1988 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n baie geringe toename in die netto maatskappybesparing en aan 'n afname in die netto *ont*sparing deur die algemene owerheid wat 'n weerspieëeling was van die afname in die reële owerheidsverbruiksbesteding. Die netto persoonlike besparing het nog steeds op 'n laevlak gestaan wat in die tweede kwartaal van 1988 ongeveer 2 persent van die persoonlike beskikbare inkome bedra het. Die bruto "private" besparing, waarby sowel die bruto maatskappybesparing as die bruto persoonlike besparing ingesluit word, het van die tweede helfte van 1987 tot die eerste helfte van 1988 teen 'n jaarkoers van 14 persent gestyg en het in werklikheid ook 'n effense opwaartse neiging oor die lang termyn getoon waarvolgens dit van 21 persent van die bruto nasionale beskikbare inkome in 1982 tot 22 persent in die eerste helfte van 1988 verbeter het.

Werkverskaffing

Nadat dit in 1986 met slegs 0,3 persent en in 1987 met 0,9 persent toegeneem het, was die totale werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie in die eerste kwartaal van 1988 1,1 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987. Wat die gang van sake op korter termyn betref, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die totale werkverskaffing buite die landbou vanaf die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988 egter 'n meer indrukwekkende 1,9 persent bedra. Hierdie koers van toename is opgebou uit seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename van 0,7 persent in die werkverskaffing deur die openbare owerhede en van 2,5 persent in die werkverskaffing in die private sektor; in die afgelope ses tot agt jaar het die koers van toename in die werkverskaffing in die private sektor slegs by enkele geleenthede die koers van toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede oorskry.

Toenames in die werkverskaffing is in die eerste kwartaal van 1988 aangeteken in al die subsektore van die private sektor met uitsondering van die hotelbedryf. Inligting vir die tweede kwartaal van 1988 toon dat die werkverskaffing in die konstruksie- en elektrisiteitsopwekkingsbedryf verder toegeneem het maar in die fabriekswesesektor afgeneem het.

Oortydure as persentasie van gewone ure gewerk



Duideliker tekens van 'n sekere verdere sikiiese verstewiging van die vraag na arbeid kon uit die oortydverhoudings afgelees word. In die konstruksiebedryf het die verhouding van oortydure tot gewone ure gewerk van 'n gemiddelde van 7,7 persent in 1987 en die eerste kwartaal van 1988 tot 8,7 persent in die tweede kwartaal van 1988 gestyg. In die fabriekswese het hierdie verhouding verder toegeneem vanaf die onderste draaipunt daarvan van 8,5 persent in die derde kwartaal van 1985 tot 12,5 persent in die tweede kwartaal van 1988 – die hoogste waarde van hierdie verhouding wat tot dusver gedurende die huidige ekonomiese oplewning aangeteken is. Die meer intensiewe aanwending van die beskikbare personeelsterkte in die fabriekswese het derhalwe gedeeltelik vergoed vir die afname in die totale aantal persone wat in die tweede kwartaal van 1988 in dié sektor in diens was.

Die verlangsamming van die groei van die totale reële produksie in die tweede kwartaal van 1988 het nie verhinder dat die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werkloses onder die Blanke, Kleurling- en Asiér-bevolkingsgroepe in betekenisvolle mate vanaf die hoogtepunt daarvan van 82 500 in Augustus 1986 en vanaf 60 300 in Maart 1988 tot 58 800 in April 1988 en tot 57 100 in Mei gedaal het nie. Die totale aantal geregistreerde werkloses het van 138 100 in September 1987 tot 121 900 in Mei 1988 afgeneem. Volgens die Lopende Bevolkingsopname het die aantal Swart werkloses van 1 180 000 werkers (19,4 persent van die ekonomies bedrywige Swart bevolking) in Julie 1986 tot 880 000 werkers (13,8 persent van die ekonomies bedrywige Swart bevolking) in Mei 1988 verminder.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die gemiddelde nominale bedrag van die salarisse en lone per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het in 1986 met 14,2 persent en in 1987 met 15,6 persent gestyg. In die eerste kwartaal van 1988 was die gemiddelde nominale loon per werker 16,7 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987.

'n Aanduiding dat die koers van toename in die nominale lone in die eerste kwartaal van 1988 in 'n sekere mate verlangsaam het, kon verkry word uit die daling in die koers van toename van jaar tot jaar in die nominale loon per werker vanaf die vierde kwartaal van 1987 tot die eerste kwartaal van 1988. In die private sektor was die nominale loon per werker in die vierde kwartaal van 1987 17,3 persent hoër as in die vierde kwartaal van 1986; in die eerste kwartaal van 1988 was dit egter slegs 16,6 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987. Wat werkverskaffing deur die openbare owerhede betref, was die gemiddelde nominale loon per werker in die vierde kwartaal van 1987 17,8 persent hoër as in die vierde kwartaal van 1986; in die eerste kwartaal van 1988 was dit egter slegs 16,8 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987. Dit lyk egter waarskynlik dat hierdie effens matiger tempo van die toename in die nominale lone nie in die tweede kwartaal van 1988 voortgesit is nie. Inligting wat tans vir die tweede kwartaal van 1988 beskikbaar is, duï daarop dat die toename van jaar tot jaar in die nomi-

nale loon per werker in die fabriekswese en in die konstruksiesektor gedurende daardie kwartaal ongeveer 19 tot 21½ persent kon beloop het.

Die gemiddelde reële loon per werker het in die kalenderjaar 1987 in die private sektor sowel as onder werkers wat by die openbare owerhede in diens is, 'n effens verdere afname getoon. Die gemiddelde omvang van hierdie daling in die reële loon was 0,5 persent. In die eerste kwartaal van 1988 het die reële loon per werker egter die gemiddelde reële loon in die eerste kwartaal van 1987 met 'n heel opmerklike 2,6 persent oortref.

Die arbeidsproduktiwiteit (dit wil sê die reële bruto binnelandse produk per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie) het in die kalenderjaar 1987 met 1,2 persent en in die eerste kwartaal van 1988 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,8 persent toegenem. Die nominale arbeidseenheidskoste het in 1987 met 14,1 persent gestyg en was in die eerste kwartaal van 1988 15,1 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1987.


Pryse

Die koers van die inflasie in verbruikerspryse, soos gemeet deur die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van verandering in die verbruikersprysindeks van kwartaal tot kwartaal, het in die eerste kwartaal van 1988 tot slegs 9,2 persent afgeneem (vanaf 'n hoogtepunt van 24,9 persent in die eerste kwartaal van 1986). Hierdie inflasiekoers het in die tweede kwartaal van 1988 egter weer tot 12,6 persent versnel, veral vanweë vinniger stygings in die pryse van voedingsmiddele en alkoholie dranke.

Die herversnelling van die stygings in die verbruikerspryse in die tweede kwartaal van 1988 is nog nie weerspieël in 'n oomkeer van die koers van toename in die verbruikersprysindeks oor periodes van twaalf maande nie. Hierdie koers het vanaf 'n hoogtepunt van 20,6 persent in Januarie 1986 en vanaf 13,3 persent in April 1988 tot 12,9 persent in Mei 1988 en tot 12,4 persent in sowel Junie as Julie gedaal. Die stygging in die verbruikerspryse van maand tot maand was van Junie tot Julie 1988 egter aanmerklik groter as van Mei tot Junie, hoofsaaklik as gevolg van meer aansienlike stygings in die pryse van voedingsmiddele, alkoholie dranke en tabak, huishuur en die pryse van sekere ander dienste in Julie.

Die stygging van kwartaal tot kwartaal in die produksiepryse het, teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse, van 25,0 persent in die eerste kwartaal van 1986 tot slegs 7,9 persent in die vierde kwartaal van 1987 afgeneem maar vervolgens weer eens opmerklik vinnig tot 12,5 persent in die eerste kwartaal van 1988 en tot 19,6 persent in die tweede kwartaal versnel. Dit was in 'n belangrike mate die gevolg van 'n selfs nog vinniger en meer plotselinge herversnelling van die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van die toename van kwart-

Salarisse en lone per werker in nie-landbousektore




taal tot kwartaal in die pryse van ingevoerde goedere vanaf 1,3 persent in die vierde kwartaal van 1987 en 2,1 persent in die eerste kwartaal van 1988 tot nie minder nie as 21,7 persent in die tweede kwartaal van 1988.

Die koers van die styging in die produksieprysindeks oor periodes van twaalf maande het in Desember 1987 'n onderste draaipunt van 11,3 persent bereik. In Julie 1988 het dit 13,6 persent beloop.

Die bewegings in die gemiddelde vlak van die produksiepryse in die eerste en tweede kwartaal van 1988 is sterk beïnvloed deur die verswakking van die effektiewe wisselkoers van die rand vanaf die tweede week van Januarie 1988. Die afname in die wisselwaarde van die rand het in die tweede kwartaal van 1988 waarskynlik ook reeds 'n sekere vroeë uitwerking gehad op die styging in die koers van toename in die verbruikerspryse van kwartaal tot kwartaal en sal mettertyd ook in

die koers van verandering in die verbruikersprysindeks oor periodes van twaalf maande weerspieël word. Eenmalige stygings in die vlak van die verbruikerspryse (wat waarskynlik egter 'n sekere tydsverloop nodig sal hê om hulself ten volle uit te werk) sal ook meegebring word deur die verhogings van die bobelasting op ingevoerde goedere vanaf 15 Augustus 1988 en deur die verhogings van 14 – 16½ persent van die kleinhandelspryse van petrol en verwante vloeibare brandstowwe vanaf 1 September 1988.

Pryse



Betalingsbalans

Lopende rekening

Nadat die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans, ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers, van aansienlike oorskotte in die loop van 1987 na 'n tekort van R0,4 miljard in die eerste kwartaal van 1988 omgeswaai het, het dit in die tweede kwartaal van 1988 weer op 'n klein oorskot van bykans R1,0 miljard te staan gekom. Dit was die gevolg van 'n matige verdere herstel van die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer en 'n verdere stygging in die waarde van die netto gouduitvoer, waarvan die gesamentlike bedrag groter was as dié van die verdere stygging in die waarde van die goedere-invoer en van die toename in die netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders. Voorlopige handelstatistiek dui daarop dat die handelsrekening van die betalingsbalans in Julie 1988 'n aansienlike verdere verbetering getoon het.

Die waarde van die goedere-uitvoer was, teen 'n jaarkoers van R28,7 miljard, in die tweede kwartaal van 1988 ongeveer 9 persent hoër as in die voorafgaande drie maande. Die fisiese hoeveelheid van die uitvoer, wat sedert die tweede helfte van 1986 'n afwaartse neiging getoon het, het van die eerste kwartaal van 1988 tot die tweede kwartaal weer met ongeveer 3 persent verbeter, hoofsaaklik as gevolg van groter uitgevoerde hoeveelhede landbouprodukte, edelmetale en edelstene, en papier en stowwe vir die vervaardiging van papier. Die uitvoerprys in rand het, as 'n weerspieëeling van die voortgesette lewendige toestand op die internasionale markte in metale en ander primêre produkte en vanweë die daling in die effektiewe wisselkoers van die rand, van die eerste tot die tweede kwartaal van 1988 met ongeveer 6 persent gestyg.

In teenstelling met die verloop van sake in die eerste kwartaal van 1988, is die toename van 6 persent in die waarde van die netto gouduitvoer in die tweede kwartaal van 1988 ongeveer 9 persent hoër as in die voorafgaande drie maande. Die fisiese hoeveelheid van die netto gouduitvoer was, teen 'n jaarkoers van R1,0 miljard, in die tweede kwartaal van 1988 ongeveer 3 persent hoër as in die eerste kwartaal van 1988.


Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljoene


	1987	1988
Jaar	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	25 146	26 300
Netto gouduitvoer	17 792	18 530
Goedere-invoer	-28 320	-36 780
Netto dienste- en oordragbetalings	-8 466	-8 460
Saldo op lopende rekening	6 152	960

Lopende rekening van die betalingsbalans



taal meer as ten volle verklaar deur 'n stygging in die gemiddelde randprys van goud. Nadat die dollarprys van goud in die eerste kwartaal van 1988 op teleurstellende wyse tot 'n gemiddelde van VSA \$454 per fyn ons teruggesak het, het dit in die tweede kwartaal 'n baie geringe verdere verswakkking getoon tot \$451 per fyn ons. Die depresiasie van die rand teenoor die dollar het egter meegebring dat die gemiddelde randprys van goud gedurende hierdie tydperk met ongeveer 7 persent van R932 tot R997 gestyg het. Die fisiese hoeveelheid van die netto gouduitvoer het in die tweede kwartaal van 1988 as gevolg van 'n verdere daling in die ge-

Goudprys




middelde goudgehalte van die vergruisde erts na sy afwaartse neiging oor die lang termyn teruggekeer. Die gemiddelde goudinhoud van die vergruisde erts het van 5,28 gram per ton in 1987 tot 5,17 gram per ton in die eerste kwartaal van 1988 en tot 5,12 gram per ton in die tweede kwartaal gedaal.

In Julie en Augustus 1988 het die dollarprys van goud verder gedaal tot 'n gemiddelde van \$434 per fyn ons, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die VSA-dollar op die internasionale valutamarkte nuwe opwellings van sterkte getoon het en ook as gevolg van die feit dat die rentekoerse in die meeste van die meer vooraanstaande nywerheidsekonomieë begin styg het. Die randprys van goud het gedurende hierdie tydperk egter verder gestyg tot 'n gemiddelde van R1 053 per fyn ons.

Die *waarde* van die *goedere-invoer* het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1988 verder gestyg met ongeveer 4 persent. Die fisiese *omvang* van die invoer (wat in die voorafgaande twee kwartale met 6 persent en met nie minder nie as 19 persent toegeneem het en

Betalingsbalans : Handelsrekening



in die eerste kwartaal van 1988 ongeveer 36 persent hoër was as die kwartaallikse gemiddelde daarvan in die eerste helfte van 1986) het van die eerste tot die tweede kwartaal van 1988 in werklikheid egter 'n effense insinking getoon van ongeveer $\frac{1}{2}$ persent. Die feit dat die reële invoer in hierdie kwartaal, ondanks die werking van verskeie invoer-aanmoedigende faktore, nagenoeg horisontaal verloop het, het waarskynlik in die eerste plek verband gehou met die verlangsaming van die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse binnelandse monetêre vraag. Tot op sekere hoogte kon dit egter ook 'n weerspieëeling gewees het van die invloed wat die verswakking van die effektiewe wisselkoers van die rand vanaf die tweede week van Januarie 1988 op die relatiewe pryse van ingevoerde goedere uitgeoefen het.

Die gemiddelde vlak van die invoerpryse het van die eerste kwartaal tot die tweede kwartaal van 1988 met $4\frac{1}{2}$ persent gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die depresiasi van die rand. Hierteenoor het die betreklike slapte in die internasionale oliemarkte egter voortgeduur. Bowendien het die inflasie in handelsvennootlande gedurende hierdie tydperk oor die algemeen op 'n lae vlak gebly, ofskoon dit in die tweede kwartaal van 1988 effens hoër was as in die eerste kwartaal.

Die netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders het in die tweede kwartaal van 1988 gestyg nadat dit gedurende 1987 en in die eerste kwartaal van 1988 per saldo 'n daling getoon het. Dit kon hoofsaaklik toegeskryf word aan hoër vrag- en versekeringbetalings wat met die stygende waarde van die goedere-invoer gepaard gegaan het. Die rentebetalings aan buitelanders het beduidend toegeneem as gevolg van die rentekoersstygings in verskeie nywerheidslande en ook as gevolg van die laer wisselwaarde van die rand.

Kapitaalrekening

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans, wat gedurende die grootste deel van 1987 en in die eerste kwartaal van 1988 aanmerklik verbeter het, het in die tweede kwartaal weer verswak. Die totale uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van 'n gemiddelde van R0,7 miljard in die voorafgaande vyf kwartale tot R2,1 miljard in die tweede kwartaal van 1988 gestyg.

Die uitvloeiing van langtermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie het van R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1988 tot R0,6 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Die toename in hierdie uitvloeiing het hoofsaaklik verband gehou met terugbetalings van buitelandse skuld kragtens die Tweede Tussentydse Reëlings met krediteurbanke op 15 Junie 1988 en met terugbetalings op toondereffekte wat nie deur die skuldstilstandsnet gedek word nie. Hierteenoor het buitelanders in die tweede kwartaal van 1988 effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, aangekoop tot 'n netto bedrag R9 miljoen, nadat hulle in die kalenderjaar 1987 en in die eerste kwartaal van 1988 verkopers van sulke effekte was tot netto bedrae van onderskeidelik R1,2 miljard en R35 miljoen.

Die uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie (waarby alle onaangetekende transaksies ingesluit is) het van R0,4 miljard in die eerste kwartaal van 1988 tot R1,5 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Soos in die geval van die uitvloeiing van langtermynkapitaal kon dit gedeeltelik aan terugbetalings kragtens die Tussentydse Reëlings met krediteurbanke toegeskryf word. Betreklik groot uitvloeiings van korttermynkapitaal het veral in die tweede helfte van Junie egter ook verband gehou met die opwaartse

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)


R miljoene

	1987	1988	
		1ekw	2ekw
Langtermynkapitaal			
Openbare owerhede	-529	-28	-137
Openbare korporasies	817	-140	-179
Private sektor:			
Netto aankope van genoteerde aandele deur nie-inwoners	-1 213	-35	9
Ander kapitaal	-773	-88	-307
Totale langtermynkapitaal	-1 698	-291	-614
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	-1 371	-386	-1 475
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	-3 069	-677	-2 089
Verandering in laste verwant aan reserwes	-1 167	-13	1 668

neiging in die oorsese rentekoerse en met vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste wat hul oorsprong gehad het in die vrees vir 'n progresief verdere daling in die wisselwaarde van die rand.

Buitelandse lenings is gedurende die tweede kwartaal van 1988 op omvattende skaal deur die Suid-Afrikaanse monetêre owerhede aangegaan om die vlak van die slinkende goud- en ander buitelandse reserwes te ondersteun. Die klein uitvloeiing van reserweverwante kapitaal van R13 miljoen in die eerste kwartaal van 1988 is as gevolg hiervan tot 'n invloeiing van ongeveer R1,7 miljard in die tweede kwartaal omskep.

Netto kapitaalbewegings



Buitelandse reserwes

Die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes het in die tweede kwartaal van 1988 met R480 miljoen gedaal. Die vlak van hierdie reserwes was aan die einde van Junie 1988, toe dit R7,7 miljard bedra het, ongeveer R1 miljard laer as die hoogtepunt wat aan die einde van Augustus 1987 daarin aangeteken is. In Julie 1988 het die buitelandse reserwes van die Reserwebank 'n verdere daling van R84 miljoen getoon ten spyte van die feit dat die handelsrekening van die betalingsbalans aanmerklik verbeter het. Die goudbesit van die Reserwebank het meer opmerklik gedaal as die Bank se besit aan buitelandse valuta, naamlik van 5,86 miljoen fyn onse aan die einde van Maart 1988 tot 4,28 miljoen fyn onse aan die einde van Junie; 'n effense verbetering daarna het dit egter aan die einde van Julie op 4,38 miljoen fyn onse te staan gebring.

Wisselkoerse

Die effektiewe wisselkoers van die rand het in die loop van die kalenderjaar 1987 met 3,1 persent verstewig maar vervolgens in die eerste en die tweede kwartaal van 1988 met onderskeidelik 6,7 en 3,8 persent teruggesak. Die depresiasi van die rand gedurende die tweede kwartaal was egter hoofsaaklik die gevolg van 'n nuwe opwelling van sterkte van die VSA-dollar wat vanaf die eerste paar dae van Junie 1988 aanmerklik teenoor die meeste ander geldeenheide geappresieer het. Die eksterne waarde van die rand teenoor die dollar het dienooreenkomsdig in die tweede kwartaal met nie minder nie as 8,3 persent afgeneem. Uitgedruk in sterling en die Duitse mark het dit egter nagenoeg onveranderd gebly.

Verdere druk op die Suid-Afrikaanse buitelandse reserwes tesame met volgehoud sterke van die dollar het meegebring dat die effektiewe wisselkoers van die

Verandering in die wisselkoerse van die rand

%

	31 Des 1987 tot 31 Mrt 1988	31 Mrt 1988 tot 30 Jun 1988	30 Jun 1988 tot 31 Aug 1988	31 Des 1987 tot 31 Aug 1988
Geweegde ge- middelde ...	-6,7	-3,8	-3,3	-13,3
VSA-dollar	-9,1	-8,3	-5,2	-21,1
Britse pond	-9,4	-	-3,5	-12,6
Duitse mark ...	-4,7	-	-2,3	-6,9
Switserse frank	-2,7	0,9	-0,4	-2,6
Japanse yen.....	-7,1	-2,6	-3,7	-13,1
Franse frank ...	-4,7	-0,8	-1,4	-6,7
Finansiële rand.	4,8	-13,4	-4,7	-13,5

rand van die einde van Junie tot die einde van Augustus 1988 met 'n verdere 3,3 persent gedepresieer het. Die verswakking van die effektiewe wisselkoers sedert die begin van 1988 tot die einde van Augustus het daardeur op 13,3 persent te staan gekom.

Die finansiële rand is gedurende die grootste deel van die tweede kwartaal van 1988 verhandel teen koerse wat tussen betreklik noue grense van R2,82 tot R3,07 per VSA-dollar geskommel het. Voorstelle vir wetgewing in die Verenigde State met betrekking tot verskerpte sanksie- en disinvesteringmaatreëls teen Suid-Afrika, en groot verkope van Suid-Afrikaanse effekte deur Amerikaanse beleggers wat in die tweede helfte van Junie daaruit voortgevloeи het, het vervolgens veroorsaak dat die finansiële rand tot R3,43 per dollar op 30 Junie verswak het. Gedurende Julie het die finansiële rand tussen selfs nog enger grense van R3,41 en R3,54 per dollar geskommel voordat dit tot op 2 Augustus 'n laagtepunt van R3,75 per dollar gedaal het. Dit het neergekom op 'n diskonto teenoor die kommersiële rand van 34,9 persent. Gedurende die res van Augustus is die finansiële rand verhandel teen ietwat strewiger koerse teenoor die VSA-dollar, wat tussen R3,47 en R3,73 gewissel het.

Finansiële markte


Geldvoorraad

Ná 'n verdere skerp versnelling van die groei in die geldvoorraad in September 1987, is hoë koerse van toename in die M3-geldvoorraad gedurende die laaste paar maande van 1987 en die eerste helfte van 1988 aangeteken. Die toenamekoers van kwartaal tot kwartaal van M3 het, ná seisoensaansuiwing en teen 'n jaarkoers bereken, van 15,9 persent in die derde kwartaal van 1987 tot 26,1 persent in die vierde kwartaal gestyg en het in die eerste en die tweede kwartaal van 1988 onderskeidelik 23,5 persent en 25,0 persent beloop. 'n Soortgelyke hoë groeikoers in M3 het ook gedurende Julie 1988 voorgekom.


M3 het in Februarie 1988 deur die boonste grens van die mikpunttonnel gebreek en het teen die einde van Julie hierdie grens met nie minder nie as R4,5 miljard, of 4,4 persent, oorskry. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 vanaf die begin van die mikpuntjaar 1988 (dit wil sê vanaf middel November 1987) tot die einde van Julie het 24,2 persent beloop, teenoor die mikpuntgrense vir 1988 van 12-16 persent.

Volgehoudende snelle groei in M3 gedurende die tweede kwartaal van 1988 en gedurende Julie kon naas die uitwerking van 'n matige verdere versterking van die bin-

Wisselkoerse



Mikpunte vir groei in M3



nelandse ekonomiese bedrywigheid en 'n geringe verdere toename in die binnelandse monetêre vraag, nog steeds verklaar word aan die hand van herintermediasierkynsels en beleggers se vraag na depositobegittings met 'n vaste waarde. Soos in die voorafgaande vier kwartale het die koers van toename in die kwartaalkse gemiddelde van M3 vanaf die eerste tot die tweede kwartaal van 1988 egter die groeikoers van die bruto binnelandse produk teen heersende pryse tussen hierdie twee kwartale oorskry. Die omloopsnelheid van M3 het dienooreenkomsdig van die eerste tot die tweede kwartaal van 1988 met 'n verdere 1,9 persent gedaal. Teen 1,885 was M3 se omloopsnelheid in die tweede kwartaal van 1988 nagenoeg 3,9 persent laer as sy onlangse hoogtepunt van 1,961 in die eerste kwartaal van 1987.

Vermoënsbesitters se toenemende likwiditeitsvoorkleur in 'n milieu van stygende rentekoerse het veroorsaak dat die groei in M3 gedurende die tweede kwartaal van 1988, soos in die voorafgaande kwartaal, swaar in deposito's aan die korter kant van die loop-tydspelktrum gekonsentreerd was. Dit is weerspieël in 'n baie vinnige toename in M2, wat in die tweede kwartaal van 1988 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 35,1 persent beloop het. Onder die verskillende komponente van M2 is die sterkste groei in "ander kort- en middeltermyn"-deposito's aangeteken, dit wil sê in deposito's met onverstreke looptye of kennisgewing-periodes wat van een dag tot ses maande strek. In teenstelling hiermee het die langtermyndepositokomponent van M3 (ná seisoensaansuiwering) gedurende die eer-

ste ses maande van 1988 in werklikheid marginaal afgeneem. Hierdie afname het voorgekom ten spyte daarvan dat 'n bedrag van R949 miljoen in langertermyndeposito's belê is by banke en bouverenigings wat die voordeel geniet het van die rentekoerssubsidie op die sogenaamde Senior Burger deposito's, wat in Mei 1988 ingestel is. Teen die einde van Julie was die voorlopig geraamde bedrag van hierdie deposito's R1,1 miljard.

Gedurende Julie 1988 is die patroon van die groei in deposito's in die voorafgaande maande omgekeer toe langtermyndeposito's saam met "ander kort- en middeltermyn"-deposito's opmerklik gestyg het, terwyl daggelddeposito's gedaal het. Die groeikoers van M3 oor twaalf maande het teen die einde van Julie 1988 24,5 persent beloop. Die ooreenstemmende toenamekoerse van M0, M1A, M1 en M2 het 25,5 persent, 15,1 persent, 29,1 persent en 32,4 persent bedra.

Die oorheersende "oorsaak" van die toename in M3 – in die statistiese of rekeningkundige sin – in die tweede kwartaal en in Julie 1988 was, soos gedurende die voorafgaande vier kwartale, 'n verdere groot styging in die monetêre instellings se binnelandse kredietverlening. Die toenames in die monetêre instellings se totale eise teen die private sektor en netto eise teen die regeringsektor was gedurende die betrokke vier maande verantwoordelik vir R5,7 miljard van die styging van R5,8 miljard wat in hierdie periode in M3 self aangeteken is. Afnames in die netto goud- en ander buitelandse reserwes gehou deur monetêre instellings het gedurende hierdie tydperk 'n negatiewe bydrae tot die verandering in M3 gemaak ten bedrae van nie minder nie as R2,5 miljard.

Geldvoorraad




Binnelandse kredietverlening

Hoë toenamekoerse in die monetêre instellings se kredietverlening aan die private sektor is nog steeds in die tweede kwartaal van 1988 aangeteken, as 'n weerspieëling van verdere toenames in die besteding en die ekonomiese bedrywigheid, herintermediasier en 'n aansienlike oorskakeling vanaf buitelandse na binnelandse bronse van handelsfinansiering. Die toename in die monetêre instellings se nie-seisoensaangesuiwerde eise teen die private sektor het in die tweede kwartaal van 1988 R4,2 miljard beloop. Dit kan met 'n styging van slegs R1,2 miljard in die ooreenstemmende drie maande van 1987 vergelyk word.

Vanaf die einde van Maart tot die einde van Junie 1988 het die huurkoopkrediet en die bruikhuurfinansiering wat deur die banke verleen is, die derde agtereenvolgende kwartaal met nagenoeg R1,0 miljard toegenem, wat 'n weerspieëling was van die voortgesette hoë besteding deur die private sektor aan duursame verbruiksgoedere asook van 'n verstewiging in sakeondernemings se vraag na kapitaalgoedere. Die totale toename in hierdie twee vorms van bankkrediet gedurende die nege maande tot die einde van Junie 1988

Bankkrediet aan binnelandse private sektor



het R2,9 miljard of 21,5 persent beloop, wat persentasiegewys min of meer dieselfde was as die toename van R2,0 miljard of 23,4 persent wat by die hoogtepunt van die snelle uitbreiding in huishoudings se besteding aan duursame verbruiksgoedere gedurende die laaste drie kwartale van die mini-boom tot die einde van Junie 1984 aangeteken is.

Die banke se besit aan wissels verdiskonter of aangekoop het in die tweede kwartaal van 1988 'n soortgelyke styging van R1,0 miljard getoon, deels as gevolg van die banke se pogings om hulle likwiedebateportefeuilles te versterk. Die banke se besit aan likwiede bankaksepte het in werklikheid gedurende hierdie kwartaal met nie minder nie as R1,2 miljard gestyg en was teen die middel van 1988 nagenoeg twee maal so hoog as aan die einde van 1987. "Ander" lenings en voor-skotte het met R2,3 miljard gestyg. Van hierdie bedrag het nie minder nie as R1,3 miljard uit toenames in die banke se verbandvoorskotte bestaan. Hierteenoor het die bouverenigings se behuisingsverbandvoorskotte gedurende die betrokke drie maande met slegs 'n betreklik matige R0,8 miljard gestyg.

Die veranderings van kwartaal tot kwartaal in die totale bankkrediet aan die private sektor het, teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse, in elk van die drie kwartale vanaf die einde van September 1987 tot die einde van Junie 1988 meer as 30 persent beloop. Die totale styging in die banke se eise teen die private sektor het gedurende hierdie tydperk nominaal 24,6 persent en "reëel", dit wil sê ná aansuiwering vir inflasie, 15,8 persent bedra.

Percentasieverandering in eise van monetêre instellings teen die private sektor

Kwartaal-tot-kwartaalveranderings in kwartaallikse gemiddeldes

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

	Bankstelsel	Alle monetêre instellings
1987:	1e kwartaal	13,7
	2e kwartaal	2,5
	3e kwartaal	13,1
	4e kwartaal	36,0
1988:	1e kwartaal	32,8
	2e kwartaal	31,0
		26,1
		24,1

Die groeikoers oor twaalf maande van die banke se eise teen die private sektor het vanaf die enkelsyfersentasies wat nog so onlangs as Augustus 1987 aangeteken is, tot 32,7 persent in Julie 1988 opgeskiet. Die groeikoers oor twaalf maande van alle monetêre instellings se eise teen die private sektor het van minder as 10 persent in Julie 1987 tot 24,7 persent in Julie 1988 gestyg.


Die netto eise van die monetêre instellings teen die regeringsektor het, voor seisoensaansuiwing, van R4,3 miljard aan die einde van Maart 1988 tot R3,5 miljard aan die einde van April afgeneem, maar tot R5,5 miljard aan die einde van Junie teruggeskiet voordat dit weer tot R4,0 miljard aan die einde van Julie gedaal het. Soortgelyke maar ietwat minder buitensporige skommelings het ook nog ná uitskakeling van die seisoensinvloed in hierdie gegewens voorgekom. Die groeikoers in hierdie eise oor periodes van twaalf maande het aan die einde van Junie 33,7 persent beloop, maar aan die einde van Julie op slegs 14,8 persent te staan gekom.

Reserwebankoptrede in die geldmark

Die toestand op die geldmark het gedurende die loop van die eerste vier maande van 1987 oor die algemeen aanmerklik strammer geword. Verdere vernouende en rentekoersverhogende druk is uitgeoefen deur die Bankkoersverhoging (van $10\frac{1}{2}$ na $11\frac{1}{2}$ persent) van 4 Mei 1988 en deur die veranderings in die Reserwebank se akkommadasiebeleid wat daarmee gepaard gegaan het. Ingevolge hierdie beleidsveranderings sou akkommadasie aan die geldmark op ander maniere as deur die diskontovenster voortaan slegs deur die Bank verleen word om oormatig groot skommelings in die marktoestand oor maandeindes of in ander seisoensiustasies uit te stryk.

Tesame met die afname in die netto buitelandse reserwes in die tweede kwartaal en Julie 1988, het die verandering in die Reserwebank se akkommadasiebe-

Akkommodasie by die diskontovenster



leid en akkommodasieprosedures daartoe gelei dat die vlak van die herfinansieringsbystand by die diskontovenster skerp gestyg het. Die bedrag van hierdie soort akkommodasie het van 'n maandelikse gemiddelde van R363 miljoen in die eerste vier maande van 1988 tot R457 miljoen in Mei en R405 miljoen in Junie en vervolgens tot nie minder nie as R1 279 miljoen in Julie en tot R1 045 miljoen in Augustus toegeneem. Op 31 Augustus het die bedrag van hierdie akkommodasie R2 175 miljoen beloop.

Bystand in die vorm van terugkoopooreenkomste ten bedrae van R300 miljoen is oor die maandeinde van April deur die Bank toegestaan. Ooreenkomsdig die beleidsverklaring van 4 Mei is geen verdere bystand van hierdie aard vanaf vroeg in Mei tot en met 30 Augustus 1988 deur die Bank beskikbaar gestel nie. Die toestand oor die maandeinde van Augustus (wat na verwagting baie stram sou wees, deels om seisoenale redes en deels om nie-herhalende redes waaroor die banke insgelyks geen beheer gehad het nie) het die Bank egter daartoe beweeg om terugkoopooreenkomste van R800 miljoen aan te gaan met 'n looptyd van 31 Augustus tot 5 September. Hierbenewens het 'n bedrag van R250 miljoen aan spesiaal-gedateerde belastingskatkiswissels aan die einde van Augustus sy vervaldatum bereik. Terugkoopooreenkomste ten bedrae van R400 miljoen en R200 miljoen is vervolgens hernieu vir die tydperk van 5 tot 6 September en van 6 tot 8 September onderskeidelik.

In sy verklaring wat die Bankkoersverhoging van 28 Julie vergesel het, het die Reserwebank weer eens

klem gelê op sy voorneme om die tempo van sy eie kredietverlening te beteuel om daardeur die groeikoerse van bankkrediet en die geldvoorraad aan bande te lê. Binne die raamwerk van die Bank se meer beperkende beleid kon strafmaatreëls voortaan toegepas word op banke, of op bankgroepes, wat hul kredietverlening oormatig uitgebrei het. Sodanige strafmaatreëls kon die vorm aanneem van hoër herdiskonterings- of rentekoerse op daardie deel van die Reserwebank se akkommodasie van die betrokke bank wat die herfinansieringslimiete wat vir elke bank vasgestel sou word, sou oorskry. Geen sodanige limiete sou op die diskontohuise van toepassing wees nie. Met die oog op die stram geldmarktoestand wat gedurende Augustus geheers het, het die Bank egter aangedui dat hierdie strafkoerse op 'n latere stadium ingevoer sou word, indien die omstandighede dit dan wenslik sou maak.


Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank in die ope mark het gedurende die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1988/89 (dit wil sê van April tot Augustus 1988) nie minder nie as R6,7 miljard beloop. Dit kan vergelyk word met die bedrag van R5,2 miljard aan effekte wat gedurende die volle fiskale jaar 1987/88 deur die Bank verkoop is.

Geldmarkrentekoerse

Die korttermynrentekoerse het gedurende die grootste deel van die tweede kwartaal van 1988 en in Julie en Augustus verder gestyg. Hierdie stygging het plaasgevind onder die invloed van die sterk toename in die vraag na bankkrediet, groei in die geldvoorraad wat die mikpunktkoerse te bove gegaan het, die heelwat swakker stand van die lopende rekening van die betalingsbalans en dalings in die buitelandse reserwes, die progressief meer beperkende beleidshouding van die monetêre owerhede en die Bankkoersverhogings wat vroeg in Mei en teen die einde van Julie 1988 aangekondig is, en die rentekoersverwagtings wat op grond van hierdie verskillende ontwikkelings tot stand gekom het.

Die styggings in die rentekoerse wat vanaf Junie 1988 in verskeie van die wêreld se meer vooraanstaande nywerheidsekonomieë ingetree het, het ook by die vorming van die mark se rentekoersverwagtings 'n rol gespeel. Ten slotte het die banke se besit aan goudmunte effektiel met ingang van die datum van die banke se sertifisering van hul maandopgawes vir Julie 1988 vir die doel van die kontantreserwevereistes nie meer as kontantreserwes getel nie, terwyl die status as likwiede bates van die bouverenigings se onmiddellik opeisbare deposito's by die banke en van die Landbank se benutte oortrokkerekulingsfasilitete eweneens met ingang van 1 Augustus afgeskaf is. Tesame met 'n aansienlike toename in die banke se vereiste minimum besit aan likwiede bates het hierdie wysigings van die wetlike definisies van kontantreserwes en likwiede bates die waargenome tekort in die geldmark verhoog en daar-

Korttermynrentekoerse



toe bygedra dat daar 'n skaarste aan statutêre likwiede bates ondervind is – of na verwagting ondervind sou word. As gevolg daarvan het dit ook daartoe bygedra dat die banke meer intensief om deposito's meegeeding het en dat ongewoon groot verskille tussen die rentekoerse op likwiede en nie-likwiede markinstrumente vir geruime tyd in die mark voortbestaan het.

Ná die Bankkoersverhogings tot $10\frac{1}{2}$, $11\frac{1}{2}$ en $12\frac{1}{2}$ persent vanaf 9 Maart, 5 Mei en 29 Julie 1988 het die verrekeningsbanke hulle prima-oortrekingskoerse by elk van hierdie geleenthede met 1 persentasiepunt tot onderskeidelik 14, 15 en 16 persent verhoog.

Bewegings in die markrentekoerse het hierdie Bankkoersverhogings eerder voorafgegaan as om dit te volg. Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld net voor die Bankkoersverhoging van 5 Mei op 11,85 persent te staan gekom; die Reserwebank se herdiskonteringskoers vir hierdie soort aksepte was op daardie stadium nog net 10,8 persent. Op soortgelyke wyse het die markkoers op likwiede aksepte van drie maande voor die Bankkoersverhoging van 29 Julie 'n hoogtepunt van 12,65 persent bereik; die Bank se laagste herdiskonteringskoers vir hierdie aksepte was op daardie stadium nog steeds slegs 11,8 persent.


Gedurende Augustus het die markkoers op likwiede aksepte van drie maande tot 'n hoogtepunt van 13,75 persent gestyg. Onmiddellik ná die Reserwebank se aankondiging van bystand aan die geldmark in die vorm van terugkoopooreenkomste vanaf 31 Augustus, het hierdie koers egter tot ongeveer 13,5 persent

teruggeval. Daarna het dit nog 'n effense verdere daling getoon tot 13,45 persent teen die middel van September 1988.

Die koerse op daggeld en interbankfondse het kort voor die maandeinde van Augustus tot hoogtepunte van 15,75 en 14,75 persent gestyg, maar daarna weer tot 13,50 en 13,75 persent teen die middel van September gedaal. Hoë koerse wat deur sekere banke op daggeld en oornagfondse betaal is, het vir die eerste maal sedert 1982 aanleiding gegee tot die terugkeer van sogenaamde heen-en-weer-verskynsels (waarvolgens daar van oortrekings- of ander kredietgeriewe by 'n bank gebruik gemaak word om deposito's te plaas by 'n ander bank, of selfs by dieselfde bank of groep bankinstellings).

Die opbrengskoerskurwe ten opsigte van verhandelbare depositosertifikate met onverstreke looptye van tot drie jaar – wat as verteenwoordigend van rentekoersverwantskappe in die geldmark en aan die kort kant van die kapitaalmark beskou kan word – was in September 1988 betreklik plat. Die afwaarts hellende segment van hierdie kurwe aan die heel kortste uiteinde van die looptydspiektrum was 'n weerspieëling van 'n toestand op die geldmark wat om seisoensredes stram was en waarvan duidelik nie verwag is dat dit langer as 'n betreklik kort tydperk sou voortduur nie. In teenstelling hiermee was die algemeen dalende en die algemeen stygende verloop van die opbrengskoerskurwe oor die hele lengte daarvan soos dit onderskeidelik in Augustus 1984 en Augustus 1987 bestaan het, weerspieëlings van verwagte *sikliese* rentekoersdalings en *sikliese* rentekoersstygings wat 'n geruime tyd nodig sou kon hê om tot 'n einde te kom.

Opbrengskoerskurwes vir verhandelbare depositosertifikate



Kapitaalmarkbedrywigheid

Ná 'n effense herstel in die eerste kwartaal van 1988 het die handelsbedrywigheid in die kapitaalmark oor die algemeen in die tweede kwartaal weer ietwat afgeneem. Dit is weerspieël in marginaal laer omsette van effekte van die openbare sektor en van maatskappy-aandele wat op die effektebeurs verhandel word. In die primêre kapitaalmark was daar egter 'n ietwat groter mate van bedrywigheid as in die voorafgaande drie maande. Insgeelyks kon daar op die mark in vaste eiendom 'n matige verdere styging in vaste-eiendomstransaksies en 'n verdere toename in verbandfinansiering opgemerk word.

Die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, het in heel beduidende mate van R48,6 miljard in die eerste kwartaal van 1988 tot R44,2 miljard in die tweede kwartaal gedaal maar in Julie weer tot R18,2 miljard toegeneem, in vergelyking met die maandelikse gemiddelde van R14,7 miljard in die tweede kwartaal. Die totale waarde van die transaksies in vaste eiendom het van R4,8 miljard in die eerste kwartaal van 1988 tot R4,9 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Die vlak van hierdie transaksies in die tweede kwartaal van 1988 was 'n aansienlike 36 persent hoër as in die tweede kwartaal van 1987. Daarna het dit egter weer met 8 persent vanaf die



maandelikse gemiddelde van effens meer as R1,6 miljard in die tweede kwartaal van 1988 tot R1,5 miljard gedurende Julie afgeneem.

Die waarde van die aandele wat op die aandelebeurs verhandel is, het effens verder gedaal van R2,6 miljard in die eerste kwartaal van 1988 tot 'n maandelikse gemiddelde van R0,8 miljard in die tweede kwartaal, maar het in Julie weer tot R1,1 miljard verbeter. Die pryse van die aandele is egter nie ongunstig deur hierdie betreklik geringe verdere inkrimping van die handelsbedrywigheid beïnvloed nie. Die styging van 4 persent in die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele gedurende die tweede kwartaal het in werklikheid daarop gedui dat die institusionele beleggers weer begin het om as kopers in aandele belang te stel. In Julie het die gemiddelde aandelepryspeil 'n verdere styging van 7 persent getoon voordat dit in Augustus met 6 persent teruggesak het. Die gemiddelde vlak van die aandelepryse is daardeur per saldo verhoog tot by 'n punt wat voorheen in die derde kwartaal van 1986 aangeteken is.


In die primêre markte het die openbare sektor in die tweede kwartaal van 1988 deur middel van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte aan bank- en nie-bankbeleggers in die private sektor fondse opgeneem tot 'n netto bedrag van R3,5 miljard, teenoor die netto bedrag van nie minder nie as R1,3 miljard wat in die voorafgaande drie maande terugbetaal is. Die netto nuwe uitgifte van staatseffekte aan bank- en nie-bankbeleggers in die private sektor het in die tweede kwartaal van 1988 bykans 94 persent uitgemaak van die bedrag van alle sodanige uitgifte deur die openbare sektor in sy geheel.

Die netto nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte deur maatskappye in die private sektor het in die eerste en die tweede kwartaal van 1988 op onbeduidende bedrae van onderskeidelik slegs R1 miljoen en R38 miljoen te staan gekom. Die nuwe uitgifte van ge-

Aandelepryse en effektebeurstransaksies



Transaksies in vaste eiendom



wone aandele deur maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het in die eerste kwartaal R103 miljoen en in die tweede kwartaal R126 miljoen beloop. Die betreklik lae vlakke van hierdie verskillende soorte uitgiftes deur die private sektor het onder andere verband gehou met die minder lewendige toestand op die effektebeurs, die betreklik hoë peil van die maatskappybesparing en die beskikbaarheid van intern gegenereerde fondse, en die feit dat die reële investeringsbedrywigheid in die private sektor nog steeds op 'n lae alhoewel geleidelik stygendevlak gestaan het.

In die verbandmark het die bouverenigings in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1988 R2,0 miljard aan verbandlenings uitbetaal. Die banke het egter nog steeds aansienlike verdere toenames in hulle bedrywighede in hierdie mark getoon, veral wat hul behuisingsfinansiering betref. Die banke se besit aan huisverbandlenings het in die eerste kwartaal van 1988 met R1,3 miljard en in die tweede kwartaal met R1,5 miljard tot 'n totaal van R7,2 miljard gestyg. Die ooreenstemmende toenames by die bouverenigings was onderskeidelik R0,7 miljard en R0,8 miljard - tot 'n totaal van R27,6 miljard.


Langtermynrente- en opbrengskoerse

Die langtermynrentekoerse het ná die begin van die daling in die aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs in die derde week van Oktober 1987 verstewig en daarmee voortgegaan tot by hoogtepunte wat in die loop van Maart 1988 bereik is. In die loop van die tweede kwartaal van 1988 het hierdie koerse effens teruggesak in die lig van die voortgesette verbetering van die inflasie in verbruikerspryse en die indrukke wat ten aansien van die beperkte leningsbehoefte van die Sentrale Regering en die openbare sektor in die mark bestaan het. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, wat van 15,1 persent in Augustus 1987 tot 16,6 persent in Maart 1988 gestyg het, het vervolgens tot 16,1 persent in Junie gedaal en het hierdie vlak tot in Augustus 1988 gehandhaaf.

As 'n weerspieëeling van die baie groot bewegings in die aandelepryse vanaf September 1987, het die gemiddelde maandelikse dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 3,6 persent in September 1987 tot 5,7 persent in Maart 1988 en tot 5,9 persent in Junie gestyg. In Julie het hierdie koers egter 'n geringe daling tot 5,7 persent getoon voordat dit in Augustus tot 6,0 persent herstel het.

Die volgehoud sterke vraag na verbandfinansiering en die algemene opwaartse beweging van die korttermynkoerse het tot gevolg gehad dat die bouverenigings die oorheersende koers op hul verbandlenings stapsgewys van 12,5 persent in Desember 1987 tot 15,0 persent in Julie 1988 en tot 16,0 persent in September verhoog het. Die oorheersende koers op deposito's van twaalf maande by banke en bouverenigings is ook in verskeie

Langtermynrentekoerse



stappe vanaf 10,5 persent in die geval van die banke, en vanaf 10,75 persent in die geval van die bouverenigings, in Desember 1987 tot op 'n vlak van 13,0 persent in Augustus 1988 verhoog.

Staatsfinansies

Gebruik van fiskale beleidsmaatreëls met die oog op ekonomiese stabilisasie

Die meer versigtige en minder eksplisionistiese fiskale-beleidsbenadering wat in die Begroting van Maart 1988 deur die Sentrale Regering aanvaar is, is in die tweede en derde kwartaal van 1988 deur die instelling van bykomende fiskale maatreëls verskeie stappe verder gevoer. Die fiskale aanpassings in die omvattende stel vraagbeperkende fiskale, monetêre en kredietmaatreëls van 4 Mei 1988 het beleidshandelinge soos die geleidelike uitskakeling van die debiteuretoelaes met betrekking tot die betaling van verkoopbelasting en 'n verhoging van die waardasies van maatskappy-motors vir die doel van byvoordelebelasting ingesluit.


Vyf verdere wysigings van die inkomstebelastingwetgewing is op 3 Junie 1988 deur die Minister van Finansies aangekondig en op 15 Julie in die *Staatskoerant* gepubliseer. Die betrokke maatreëls het ten doel gehad om die belastingstelsel te vereenvoudig en meer te standaardiseer en om sekere belastingskuilings uit die weg te ruim, onder andere deur sekere inkomstebelastingtoegewings af te skaf, te vervang of te konsolideer.

Verdere fiskale maatreëls is ook op 12 Augustus 1988 aangekondig. Hierdie maatreëls was op die gebied van die fiskale beleid die teehangers van die Bankkoersverhoging en verwante monetêre beleidsmaatreëls van 29 Julie en van die verdere verskerping, wat eweneens op 12 Augustus aangekondig is, van die voorwaardes insake krediettransaksies en van die valutabeheerre-gulasies. Soos die Minister van Finansies verduidelik het, was die volledige stel van hierdie maatreëls op hul onderskeie terreine van ekonomiese-beleidsvoering daarop gemik om die binnelandse vraag te beteuel, die tempo van die goedere-invoer te verlangsaam en die betalingsbalans te beskerm. Die fiskale beleidsmaatreëls in die stel vraag-ontmoedigende maatreëls van Julie-Augustus 1988 het onder ander behels dat die brandstofheffing en die invoerreg op gemonteerde motors verhoog is en dat die bestaande bobelasting van 10 persent op sekere invoergoedere (wat aanvanklik in September 1985 ingestel is) vervang is met 'n gedifferensieerde skaal van bobelastingkoerse wat van nul tot 60 persent gewissel het.

Skatkisuitreikings en -ontvangste

In ooreenstemming met die owerheid se minder eksplisionistiese fiskale-beleidsbedoelings, het die koers van toename in die skatkisuitreikings aan die departemente van die Sentrale Regering (ná die gebruiklike aansuiwing vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening en in vergelyking met

Skatkisrekening



die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar) verder afgeneem van 14,8 persent in die kwartaal tot Maart 1988 tot slegs 7,2 persent in die kwartaal tot Junie 1988 (dit wil sê die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1988/89). Die toenamekoers in die kwartaal tot Junie was dus aanmerklik laer as die begrote toenamekoers van 12,6 persent in die staatsuitgawes vir die fiskale jaar 1988/89 in sy geheel.

'n Styging in die skatkisuitreikings wat laer was as wat voorsien is, is ook nog gedurende Julie 1988 aangeteken. Die totale uitreikings aan die staatsdepartemente gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89 was dan ook slegs 7,5 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1987/88. Reëel het die skatkisuitreikings gedurende die vier maande tot Julie 1988 in vergelyking met hul vlak in die voorafgaande jaar in werklikheid met 4,7 persent gedaal. Die nominale bedrag van die skatkisuitreikings gedurende hierdie vier maande was gelyk aan 30,5 persent van die totale begrote uitgawes van die Sentrale Regering vir die fiskale jaar 1988/89 in sy geheel. Dit kan vergelyk word met die gemiddelde aan-deel van 32,3 persent wat die skatkisuitreikings gedurende die eerste vier maande van elk van die drie fiskale jare vanaf 1985/86 tot 1987/88 van die totale uitreikings gedurende daardie fiskale jare uitgemaak het.

Eweneens op 'n basis van vergelyking met die vlakte wat in die vorige jaar aangeteken is, het die koers van toename in die skatkisontvangste van 6,0 persent in die kwartaal tot Maart 1988 tot nie minder nie as 22,3 persent in die kwartaal tot Junie 1988 gestyg. Hierdie

koers van toename het in Julie 'n matige verdere versnelling getoon. Die totale ontvangste in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89 was dienooreenkomsdig 22,8 persent hoër as in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1987/88. Die koers van toename in die skatkisontvangste in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89 was eweneens aanmerklik hoër as die koers van 16,2 persent wat in die Begroting van Maart 1988 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is.

Die onverwagte groot omvang van die skatkisontvangste in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89 kon hoofsaaklik aan onvoorsiene groot stygings in die ontvangste uit die gekonsolideerde brandstofheffing en in doeane-regte toegeskryf word. Die totale ontvangste gedurende hierdie tydperk het 28,7 persent bedra van die totale begrote inkomste vir die fiskale jaar 1988/89 in sy geheel. Dit was effens hoër as die gemiddelde aandeel van 27,2 persent wat die skatkisontvangste in die eerste vier maande van elk van die drie fiskale jare vanaf 1985/86 tot 1987/88 van die totale ontvangste gedurende daardie jare uitgemaak het.

Tekort voor lenings

Die skatkisuitreikings wat laer was as wat verwag is, tesame met die skatkisontvangste wat hoër was as wat verwag is, het meegebring dat die tekort voor lenings en skuldterugbetalings in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89 tot 'n betreklik matige bedrag van R3 781 miljoen, wat R1 203 miljoen minder was as in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1987/88, beperk kon word. Die tekort in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1988/89 was gelyk aan 38 persent van die tekort van R9 860 miljoen wat in die Begroting van Maart 1988 vir die fiskale jaar in sy ge-

heel in die vooruitsig gestel is. In vergelyking hiermee het die tekort in die vier maande tot Julie 1987 nie minder nie as 52 persent van die totale werklike tekort in die fiskale jaar 1987/88 beloop.

Die tekort van R3 781 miljoen in die vier maande tot Julie 1988, tesame met die diskonto van R1 031 miljoen op nuwe uitgifte van staatseffekte, is uit die volgende bronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissaris...	1 785
Private sektor buite dié banksektor	3 879
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's.	-1 145
Ander banke	315
Buitelandse sektor	-22
	4 812
Min: diskonto op staatseffekte	1 031
Totale finansiering	3 781

Tekort voor lenings as persentasie van bruto binnelandse produk

